2011

Die Sewe Gemeentes

Dr. Jean Strydom

Weila Strydom (Taalversorging)

Inhoudsopgawe

Agtergrond oor die sewe gemeentes **p. 3**

Die boodskap aan Efese (Lig versus Duisternis) **p. 5**

Die boodskap aan Smirna (Stryd tussen Lewe en Dood) **p. 9**

Die boodskap aan Pergamum (Stryd tussen waarheid en kompromie) **p. 12**

Die boodskap aan Tiatira (Stryd om Koningskap) **p. 16**

Die boodskap aan Sardis (Stryd om lewe en dood) **p. 20**

Die boodskap aan Filadelfia (Volharding word geseën) **p. 24**

Die boodskap aan Laodisea (God se termometer) **p. 27**

Agtergrond oor die sewe gemeentes

Aan die begin van die boek Openbaring lees ons van die profesie wat God aan Jesus geopenbaar het. Jesus het toe sy engel opdrag gegee om dit aan Johannes bekend te maak. Interessant dat God heel eerste met sy gemeentes praat, heelwaarskynlik omdat dit vir Hom van uiterste belang was. Op 1:3 "*Geseënd is die wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat dit te harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby."* Dis asof God die gelowiges van die gemeentes so bietjie ekstra tyd wou gee om hul saak met Hom in orde te bring. Wou Hy net weereens sy almag beklemtoon en die gelowiges verseker van sy troue liefde en bystand ten spyte van hulle soms ondraaglike lewensomstandighede? Wou hy hulle troos dat die einde van hul verdrukking naby is, en dat hy die Hemel en Aarde in sy hand vashou? Dat Hy die begin en die einde is, en die gelowiges eintlik niks het om te vrees nie? Kom lees elke brief en deel saam in die wonderlike genadige en regverdige God.

Al sewe gemeentes was op 'n hoofroete geleë. 'n Boodskapper met die briefbundel kon van die eiland Patmos (waar Johannes was), eerste by Efese aandoen. Van daar af sou hy noordwaarts reis tot by Smirna en Pergamum, suidoos draai na Tiatire, en van daar af verder gaan na Sardis, Filadelfia en Laodisea. Die roete stem presies ooreen met die volgorde waarin die briewe ook voorkom.

Die sewe briefboodskappe aan die gemeentes is volgens 'n bepaalde plan geskryf. Hulle begin almal met 'n groet, bevat daarna 'n evaluasie van die situasie en geestelike toestand in die gemeente, en die gemeente word geprys en /of streng aangespreek. Daarna volg die oproep tot bekering en 'n verklaring dat Christus weer sal kom en dan ook alle gelowiges sal beloon.

Kaart van die sewe gemeentes

Die boodskap aan Efese (Lig versus Duisternis)

Openbaring 2:1-7

Skrywe aan die leraar van die gemeente in Efese: So sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand vashou en wat tussen die sewe goue lampe rondgaan: [2] Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle onvermoeide arbeid en julle volharding. Julle kan nie slegte mense verdra nie. Julle het ondersoek ingestel na die mense wat voorgee dat hulle apostels is, en dit nie is nie, en gevind dat hulle leuenaars is. [3] Verder volhard julle ook; julle het baie vir my Naam verduur, en julle het nie moeg geword nie. [4] Maar Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie. [5] Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het. Anders, as julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat! [6] Maar dít het julle darem in julle guns: julle verafsku wat die Nikolaïete doen, net soos Ek dit ook verafsku. [7] Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is.

Efese, 'n stad in Turkye met ongeveer 300 000 inwoners, destyds gereken as 'n groot stad. Nie-amptelik die hoofstad van daardie streek – destyds die "lig van Asië" genoem. Efese was die toonaangewende stad van Klein Asië. Dit is ironies want hierdie stad was bekend vir sy afgodery en verskriklike sondes net soos in Sodom en Gomorra. Dit was 'n belangrike handelstad en een van die drie invloedrykste stede in die oostelike deel van die Romeinse Ryk. Die ander twee stede was Aleksandrië en Antiogië in Sirië. Die tempel van Artemis (vir die godin Diana) was in Efese geleë, dit was ook beskou as een van die sewe wonders van die antieke wêreld. In Handelinge 19:23-29 lees ons van die buitengewone fees vir hierdie godin en die opstand wat gevolg het toe Paulus daar gepreek het. Hierdie tempel was 'n ongelooflike marmergebou waarvan die dak op 127 pilare gerus het. Die vervaardiging van afgodsbeeldjies was 'n baie belangrike bron van inkomste vir die stad. Efese was dus eintlik 'n "donker stad", vanweë die afgode diens.

Paulus stig die gemeente in Efese. Paulus doen in Efese aan op die einde van sy 2e sendingreis (Hand. 18:19-21) en werk tussen 2 en 3 jaar daar op sy derde sendingreis. Na Paulus se werk skyn die gemeente as 'n helder lig in die donker stad. Dan kom die stryd – die keuse is tussen die lig van God of die donker pad van afgodery. Daarom bied Efesiërs 6 ons die wapenrusting van God. Dit gaan om die stryd in Efese, lig versus duisternis. Paulus se medewerkers was, Akwilla en Priscilla, Apollos, Timoteus en Titus. Volgens oorlewering het die apostel Johannes hom na die jaar 70nC in Efese gevestig en die hele gebied geestelik versorg.

Vraag:

- *Kan jy enige vergelykings tref tussen dit wat in Efese gebeur het en met dit wat vandag in Nelspruit gebeur?*
- *Tot watter mate voer ons steeds die stryd tussen lig en duisternis in ons stad, gemeente en gesinne?*

Johannes het die gelowiges veral gewaarsku dat valse leraars hulle teen die ware geloof sou kon beïnvloed. Daar was ook talle probleme wat veroorsaak is deur die vals leraars in die gemeente. Die gemeente het nie sonde onder sy lidmate verdra nie. Dit was voorwaar nie maklik in 'n stad wat gekenmerk is deur talle losbandighede en afgodsdiens nie. Ons leef ook in 'n tyd waarin verfynde losbandigheid hoogty vier. Postmoderne mense moet oop wees vir ander se sieninge. Die lewe gaan oor keuses wat jy maak en wat jou op die ou einde gelukkig maak. So is gelowiges vandag besig om stadig maar seker al hoe verder verwyderd te raak van die waarheid. Is ons as gelowiges net soos die padda in lou water. Omdat die water stadig warm gemaak word, besef ons nie die gevaar wat dit vir ons inhou nie!

Vraag:

- Definieer losbandigheid.
- *Lewe die mensdom meer losbandig as 60 jaar gelede of soos in die Bybelse tyd?*
- *Watter voorbeelde is daar in vandag se tyd dat ons al hoe meer losbandig begin lewe?*
- *Hoe verfyn of "sugar coat", ons losbandigheid vandag?*
- *Tot watter mate beïnvloed 'n verkeerde leefwyse ons getuienis na buite?*

Die gemeente se probleem is, dat hulle toewyding en liefde vir Jesus nie meer is soos in die begin nie. Hierdie gemeente is juis vroeër daarvoor geprys dat hulle so besonderse liefde getoon het teenoor mekaar en ook teenoor God (Ef. 3:17-19). Die meeste van die oorspronklike kerkleiers was toe al dood en die nuwe geslag het net nie meer die Here so vurig liefgehad nie. Die gemeentelede was baie besig en het hard gewerk, maar nie met suiwer motiewe nie. Geen werk is vir God blywend, tensy dit gedoen word uit liefde vir Hom en ander nie.

Vraag:

- *In Matt 22:37-40 word die liefde en toewyding wat ons vir Jesus moet hê beskryf. Lees dit en bespreek die praktiese toepassing daarvan in vandag se tyd.*
- *Nuwe gelowiges is duidelik sigbaar in hulle opgewondenheid en entoesiasme teenoor Christus. Hulle ervaar die vryspraak wat hul ontvang het op 'n besondere manier. Dink jy ook dat ons vergeet het hoe ernstig sonde is, asook wat die effek daarvan op ons lewens is? Dink jy dat ons vreugde van vergifnis vervaag en het dit 'n negatiewe impak op ons entoesiasme?*
- *Dink jy baie gelowiges het deur die jare gegroei in kennis, maar vervaag in entoesiasme?*
- *Wat dink jy kan ons doen om ons entoesiasme weer te herwin?*
- *Hoe gereeld neem jy voorraadopname van jou geloofslewe om uit te vind of jy nie dalk gestagneer het of selfs agteruitgegaan het nie?*

As die lamp uit sy plek geneem sou word, sou dit een van twee dinge beteken: dat die gemeente nie meer effektief is nie of dat dit glad nie meer as 'n gemeente funksioneer nie. Net soos die lamp (kandelaar) met sewe kerse 'n lig vir die priesters moes wees, moes die gemeente hulle lig in die samelewing laat skyn. Jesus het hulle egter gewaarsku dat hulle lampe uitgedoof kon word. Hulle moet hulle bekeer, wat beteken dat hulle fisies moes wegdraai van die sonde en 'n vernuwing van hul denke en gemoed moes meebring.

Vraag:

- *Waarom dink jy is bekering vir hierdie gemeente nodig?*

Die Nikolaïete was gelowiges wat hulle geloof in gevaar gestel het, deur deel te hê aan die sondige gebruike in die stad Efese. Hulle het hulself "apostels" genoem (2:2), maar was dit beslis nie. Hulle hou moontlik verband met die Bileamiete. Bileam was 'n profeet, wat die Israeliete aangemoedig het om kompromieë te sluit en so hulle verkeerde begeertes bevredig het (Num 31:15-16).

Johannes dra Jesus se waardering vir die gemeente oor, omdat hulle die verkeerde gedrag van die Nikolaïete veroordeel het. Dit is opvallend dat hulle nie die Nikolaïete veroordeel het nie, maar slegs hulle gedrag.

Vraag:

- *Is dit hoe ’n mens moet optree teenoor die sonde? Veroordeel die daad en nie die persoon nie?*
- *Word jou karakter nie maar gekenmerk deur jou optrede nie?*
- *Watter rol speel liefde in die veroordelingsproses?*
- *Dink jy ons neem vandag nog sterk genoeg standpunt in, teenoor sonde?*
- *Is daar ’n nuwe tydsgees, waarin ons sekere sondes regverdig?*
- *Stelling: Daar is ’n ernstige behoefte in die wêreld, aan Christene wat sterk standpunt inneem vir God se waarheid en dit dan prakties uitleef. Bespreek*

Die toekomstige eet van die vrug van die boom van die lewe is ’n simboliese uitdrukking van die volle en volmaakte gemeenskap van die mens met God en die Lam.

Vraag:

- *Wat dink jy beteken dit om die oorwinning te behaal?*
- *Watter rol sou geloof, volharding en getrouheid in hierdie proses speel?*
- *Watter rol speel Christus se oorwinning in ons eie oorwinningsproses?*

Vraag:

- *Watter goeie dinge is kenmerkend van hierdie gemeente?*
- *Hoe kon hulle krag, ook hulle mislukking wees?*
- *Hoe dink jy, was hulle weeklikse eredienste?*
- *Watter van die positiewe eienskappe oor hierdie gemeente beskryf jou? Jou gemeente? Waarom?*
- *In watter opsig het jy dalk jou eerste liefde vir Christus verloor?*
- *Wat het jou gehelp om jou liefde vir Christus lewendig te hou?*
- *Hoe kan ons iemand help wat sy liefde vir Christus verloor het?*

Notas:

Die boodskap aan Smirna (Stryd tussen Lewe en Dood)

Openbaring 2:8-11

[8] Skrywe aan die leraar van die gemeente in Smirna: So sê die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het: [9] Ek ken julle verdrukking en julle armoede, en tog is julle ryk. Ek weet ook van die kwaadstokery van die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar tot die sinagoge van die Satan behoort. [10] Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in die tronk laat gooi, sodat julle in beproewing sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee. [11] Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Dié wat die oorwinning behaal, sal beslis nie deur die tweede dood getref word nie.

Die ryk stad Smirna, huidig Izmir, was sowat 56 kilometer noord van Efese geleë. Smirna het ook as die "hawe van Asië" bekend gestaan, omdat dit so goeie hawe aan die Egeïese see gehad het. Dit was alom bekend vir sy beplande aanleg, reguit strate, sy teaters, tempels, asook sy welvaart. Vroeg reeds was daar 'n tempel opgerig vir die godin Roma en later is dit ook gebruik vir die verering van keiser Augustus, as 'n godheid. Daar was 'n sterk Joodse element in die bevolking, en dis juis hulle wat gesorg het dat die klein Christelike gemeente nie met rus gelaat is nie.

Die gemeente se twee groot probleme was: die Joodse bevolking wat hewig gekant was teen die Christendom en die nie-Joodse bevolking wat absoluut ten gunste was vir die verering van die Romeinse keiser. In so omgewing was dit dus onvermydelik dat daar vervolging van gelowiges sou wees.

Die Here stel homself voor aan die gemeente as *die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het* (vgl. Op 1:17–18). Vir 'n gemeente waar bedreiging met die dood 'n daaglikse werklikheid was, bring hierdie versekering van die oorwinning oor die dood en die beskermende, omvattende teenwoordigheid van Christus, stellig groot bemoediging.

Smirna en Filadelfia was die enigste twee gemeentes wat uitsluitlik positiewe boodskappe ontvang het. Ten spyte van hulle vervolging is Smirna daarvan verseker dat die Here Jesus, die Eerste en Laaste, van alles weet en dat hy hulle in sy hand hou. Die gemeentelede was arm, hoofsaaklik omdat daar teen hulle gediskrimineer is deur ongelowiges.

Vraag:

- *Dink jy vervolging word aangehits deur die Bose?*
- *Stelling: Satan wil hê dat gelowiges selfs in die tronk gegooi moet word, want daardeur word hulle getuienis aan bande gelê.*
- *Hoekom het ons nie nodig om die dood te vrees nie?*
- *Watter betekenis het die inleidende woorde waar daar na Jesus verwys word as die "Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het", vir jou lewe?*
- *Watter voordele hou die dood vir ons in (2 Kor. 4:16-5:10; Ps. 23)?*
- *Het dit vir jou enigsins waarde of troos, die feit dat Jesus bewus is van jou swaarkry?*

Daar wag nog meer lyding vir die gemeente; hulle sal dit nie kan ontvlug nie. Die duiwel sal sorg dat party van hulle in die tronk gegooi word. Dit sou 'n marteling van liggaam en gees wees sodat hulle swaar op die proef gestel sou word. God laat soms beproewing toe (vgl. Job 1:6ev) om ons as gelowiges se getrouheid te toets en te staal. Aan die Christene in Smirna kom die woord van die Here: *Moenie bang wees … nie*, en dit is juis die woorde wat in die mond van Jesus dikwels die vrees uit die harte van sy dissipels verban het (Matt 14:27; Joh 6:19, 20). Die beproewing wat Johannes van praat word wel beperk. Dit duur *tien dae.* Die *tien* moet hier nie letterlik gesien word nie; dit dui slegs op 'n kort, afgeslote tydperk, wat verbygaan omdat God daar 'n einde aan bring. Die beproewing sal in daardie tyd uiters intens wees, haas ondraaglik. Daar sal doodsbedreiging wees. En dan spreek die Here 'n woord wat deur die eeue heen vir die lydende gelowiges soveel krag en moed gebring het: *Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee.* Dit gaan nie hier om die bekroning van 'n sportheld of die huldiging van 'n weldoener aan die mensdom nie, maar om die onvernietigbare kroon van die ewige lewe (vgl. Jak 1:12). Die vromes in die hemel sal versier wees met 'n stralekrans as bewys van hulle getrouheid tot die dood (vgl. Op 3:11; 4:4, 10; 12:1; 14:14).

Vraag:

- *Hoe dink jy staan God 'n mens by in tye van vervolging?*
- *Tot watter mate is daar troos/beloning in vervolging?*
- *Wat is die doel van lyding (1 Pet 1:6-7)?*
- *Wat is die opdrag van Jesus in tye van verdrukking?*
- *Wat is die belofte aan die wat oorwin (1 Kor 15:51; Op 20:14; Op 21:8)?*

Vraag:

- *Dink jy daar is gemeentes wat dieselfde probleme het as die gemeente?*
- *Hoe kon hulle tegelyk ryk en arm wees?*
- *Wat leer hierdie gedeelte ons oor leiding?*
- *Wanneer is dit die moeilikste om jou geloof uit te leef – wanneer jy arm of as jy ryk is?*
- *In watter opsig voel jy geestelik ryk?*
- *Hoekom is geestelike rykdom so belangrik?*
- *Op watter wyse kan ons geestelike rykdom opbou?*

Die boodskap aan Smirna is dat hulle in die tyd van vervolging en foltering getrou moet bly, dit wil sê aan Jesus moet vashou, want God is steeds in beheer van sake en sy beloftes staan vas. Jesus sê nêrens dat ons van vervolging of swaarkry gevrywaar sal word as ons aan Hom getrou is nie. Ons moet eerder aan Hom getrou bly te midde van ons teleurstellings en vervolgings, want eers dan sal dit aan die lig kom dat ons geloof opreg is. Ons bly getrou as ons ons oë op Christus en op sy beloftes vir die hede en die toekoms gevestig hou (Fil. 3:13-14; 2 Tim 4:8). Die beloning is ’n oorwinnaarskroon, ’n ewige lewe by God. Die vraag bly sekerlik of ons gereed is vir sulke vervolging en beproewings?

Notas:

Die boodskap aan Pergamum (Stryd tussen waarheid en kompromie)

Lees Openbaring 2:12-17

[12] Skrywe aan die leraar van die gemeente in Pergamum: So sê Hy wat die skerp swaard met die twee snykante het: [13] Ek ken die plek waar julle bly, daar waar die troon van die Satan is. Tog bly julle aan my Naam getrou en julle het nie julle geloof in My afgesweer nie, selfs nie in die tyd toe Antipas, my getroue getuie, doodgemaak is daar by julle waar die Satan bly nie. [14] Maar Ek het 'n paar dinge teen julle. Julle het mense daar wat die leer van Bileam aanhang. Hy het vir Balak geleer om die volk Israel van My afvallig te maak, sodat hulle afgodsoffervleis geëet en onsedelikheid bedrywe het. [15] So is daar onder julle dan ook mense wat die leer van die Nikolaïete aanhang en dieselfde sondes doen. [16] Bekeer julle nou, anders kom Ek gou na julle toe en sal Ek daardie mense bestry met die swaard van my mond. [17] Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek van die verborge manna gee, en daarby sal Ek vir hom 'n wit steentjie gee met 'n nuwe naam daarop gegraveer, wat niemand anders ken nie, net hy wat dit kry.

Pergamum, geleë op 'n keëlvormige heuwel sowat 20 km van die kus, het in 133 v.C. deel geword van die Romeinse provinsie, Asië. Pergamum word deur sommige geleerdes aangewys as die hoofstad van Asië, eerder as Efese. Die stad was veral vir drie dinge bekend: as sentrum van verskeie heidense godsdienste, as genesingsoord en as plek van geleerdheid. Hoog op die heuwel het die enorme altaar vir Zeus gestaan; ook was daar tempels vir ander gode en godinne, o.a. Dionisius, Atena en vir die keiserverering. Reeds in 29 v.C. was daar 'n tempel vir die keiser Augustus en die godin Roma. As genesingsoord het dit wyd bekendheid verwerf aangesien die heiligdom van Asklepios daar gestaan het. Hy het die naam *Sotēr,* wat redder beteken, gehad. Die slang was sy kenteken, iets wat die Christene aan Satan laat dink het. As plek van geleerdheid, was die stad bekend vir sy groot biblioteek (meer as 200 000 bronne). Vir die eerste keer is daar fyngebreide diervel op groot skaal as skryfmateriaal gebruik en is dit "perkament" genoem.

Dit is te verstane dat in 'n stad waar die heidense godsdienste so sterk en aktief was en waar juis die keiseraanbidding direk gekoppel is aan lojaliteit aan die keiser, die Christene aan vervolging en martelaarskap blootgestel sou wees. Nou word hulle aangespreek deur Hom wat *die skerp swaard met twee snykante het* (vgl. Op 1:16; 2:16). Met toespeling op Jesaja 11:4 dui hierdie benaming daarop, dat dit nie die aardse regter is wat die finale seggenskap oor lewe en dood het nie, maar dat daardie reg in die hande is van die hemelse Regter.

Aan die gemeente daar sê Christus: *Ek ken die plek waar julle bly.* Daarom het Hy volle begrip van hulle omstandighede en van die gevare waaraan hulle blootgestel word. Die *troon van die Satan* staan immers daar! Oor wat hiermee bedoel word, is daar verskeie uiteenlopende menings. Dit kan ’n verwysing wees na die indrukwekkende altaar van Zeus, of die Asklepiosdiens, of ook die keiseraanbidding. Heelwaarskynlik moet ons na al die dinge in geheel kyk, wat bewys dat in daardie stad die Satan op die troon is en die ware God nie erken word nie. In daardie omgewing word druk van alle kante af uitgeoefen op die klein Christelike gemeenskap om kompromieë aan te gaan ter wille van ‘n rustige lewe, maar die klein gemeente het nie aan die druk toegegee nie. Hulle het nie hulle geloof afgesweer nie; hulle het aan Christus getrou gebly. Een uit hulle getal, Antipas, het ‘n marteldood gesterf, volgens oorlewering gebraai in die gloeiende bronsbeeld van ’n bul, die simbool van Zeus. Sy naam beteken nie “teen alles” soos dit op die oog af lyk nie, maar is die verkorting van Antipatros, dit is “plaasvervanger van die vader”. Van Hom is niks verder bekend nie, maar sy dood moes skok en angs deur die gemeente gestuur het. Maar deur sy getrouheid het hy deel gekry aan die eretitel “getroue getuie” wat aan Jesus toekom (1:5). Nogeens word verwys na die plek waar dit gebeur het as “*daar waar die Satan bly”.* Hy vier daar hoogty, maar juis daar het die gemeente getrou gebly.

Vraag:

- *Vergelyk die vermaning aan Efese met die aan Pergamum met betrekking tot die Nikolaïete.*
- *Wat beteken dit as ‘n mens ‘n kompromis aangaan, wat behels dit gewoonlik, wat vra dit van jou?*
- *Watter toegewings dink jy maak ons somtyds om ‘n kompromis met die wêreld aan te gaan?*
- *Hoe dink jy voel God oor kompromieë met die wêreld?*
- *Dink jy volgens die eerste gebod, asook die samevatting van die wet, dat kompromieë tussen God en die wêreld versoenbaar is.*

Tog is die gemeente nie onberispelik nie. Daar is ’n paar dinge waaroor hulle aangespreek moet word. Die belangrikste is dat sommige die *leer van Bileam* aanhang. Die verwysing is hier na die geskiedenis van Bileam wat deur Balak ontbied is om die volk Israel te vervloek (Num 22–24). Al het Bileam die volk geseën, het hy raad gegee wat daartoe gelei het dat die volk aan die afgode begin offer het en hulle skuldig gemaak het aan die onsedelike praktyke wat met die afgodediens gepaard gegaan het (Num 25:1–2). Daarvoor moes Bileam die volle skuld dra (Num 31:16). Hieruit moet

ons aflei dat die *leer van Bileam* daaruit bestaan het dat sommige toegegee het aan die heidense druk en meegedoen het aan die eet van afgodsoffervleis en aan onsedelikheid. Dit is juis dinge waarteen Paulus die gelowiges in Korinte moes waarsku (vgl. 1 Kor 5:8–10 en 6:12–20).

Daar was dus mense in die gemeente wat die leer van Bileam aangehang het en dan ook ‘n tweede groep wat die leer van die Nikolaïete aangehang het. Laasgenoemde is dieselfde groep wat in Efese voorgekom het. Die kort en die lank hiervan is, is dat ‘n groot aantal lidmate hulle geloofsuiwerheid prysgegee het. Lidmate wat by die heidense gebruike aangepas het en heeltemal te familiêr geraak het met onsedelikheid en die heidense feeste

Dit is in die lig van die verdeling in die gemeente dat daar in vers 16 ‘n sterk oproep gemaak word tot bekering. Bekering wat dadelik moet plaasvind. Indien daar nie bekering plaasvind nie sal die oordeel van God op die mense val. Die woord *bekeer* beteken ’n verandering van denke ondergaan *(metanoein)* wat dan ’n verandering in lewenskoers tot gevolg het. Al het die minderheid van die lidmate die leer van Bileam aangehang (v 14), word die hele gemeente daaroor aangespreek. Die gemeente word as ’n eenheid in Christus gesien en die gemeente word verplig om tug uit te oefen, sodat die afgedwaaldes teruggebring kan word. As daar nie bekering is nie, sal die oordeel volg. Christus sal gou kom, hier in die tyd of by die wederkoms, en dié wat nie op sy woord ag geslaan het nie, sal deur die *swaard van my mond,* sê die Here, bestry word (vgl. Op. 19:11, 15). Die dag kom wanneer Christus teenoor die onbekeerdes verskyn, nie as Bevryder nie, maar as Bestryder. Dan bring sy woord nie redding en troos nie, maar oordeel en verderf. Daarom moet daar nou op sy woord ag geslaan word.

Die gedeelte sluit af met die gemeentelede wat volhard in hulle geloof, wat dan ook die verborge manna sal ontvang. Die verborge manna dui simbolies op die geestelike voedsel wat ontvang sal word. Soos wat die Israeliete manna in die woestyn ontvang het, so is Jesus die “Lewende brood” wat aan elke gelowige, geestelike voedsel sal voordien wat in sy of haar diepste behoeftes sal voorsien.

Daar word meer as verborge manna beloof, elkeen wat volhard sal ook ‘n wit steentjie ontvang met ‘n nuwe naam daarop gegraveer wat niemand anders sal ken nie. Dit is nie duidelik wat die wit steentjie is of watter name daarop staan nie. Die feit dat dit as’t ware in dieselfde asem genoem word as die verborge manna dui waarskynlik daarop dat dit iets te doen het met die ewige lewe. In daardie tyd het die mense

steentjies ontvang soos wat mense vandag uitnodigingskaartjies ontvang. So ‘n steentjie sou dus ‘n toegangskaartjie tot die Messiaanse fees kon wees. Hierdie beeld kan ons toepas op die bruilof van die Lam (19:7). Dit sal dus ‘n bewys wees dat die betrokke persoon op grond van Christus se offer deur God aanvaarbaar is en waardig geag word om die ewige lewe te ontvang. ‘n Mens se naam hou verband met jou hele persoonlikheid. God gee vir ons nuwe name, saam met nuwe harte.

Vraag:

- *Watter druk ondervind die Christene in Pergamum?*
- *Wat dink jy is makliker om te verduur. Vervolging deur vyande of verleiding deur kultuur?*
- *Waarom is die titel waarmee Christus Hom openbaar so gepas vir hierdie Christene?*
- *Watter kultuurinvloede trek jou weg van jou verhouding met Christus?*
- *Hoe subtiel is hierdie invloede in jou lewe?*
- *Dink jy ons gebruik die begrip “bekeer” veels te maklik in ons lewens sonder om die implikasies daarvan te besef?*
- *Hoe verstaan jy die begrip bekering en wat moet gebeur om te sê jy is ‘n bekeerde mens?*
- *Is daar iets soos ‘n bekeerde Christen of is alle Christene veronderstel om bekeer te wees?*
- *Hoe voel jy oor die moontlikheid dat hierdie oordeel ook op jou van toepassing kan wees as jy nie reg leef nie?*
- *Hoe sou jy die boodskap van hierdie brief opsom?*

Notas:

Die boodskap aan Tiatira (Stryd om Koningskap)

Lees Openbaring 2:18-29

18 Skrywe aan die leraar van die gemeente in Tiatira: So sê die Seun van God, wie se oë soos vuur vlam
en wie se voete soos geelkoper is: 19 Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle liefde, geloof,
diensvaardigheid en volharding en Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore. 20 Maar Ek het dít
teen julle dat julle die vrou Isebel laat begaan. Sy doen haar as profetes voor en leer en verlei my
dienaars om onsedelikheid te bedrywe en afgodsoffervleis te eet. 21 Ek het haar kans gegee om haar
te bekeer, maar sy wil haar nie van haar onsedelikheid bekeer nie. 22 Kyk, Ek gee haar aan 'n siekbed
oor, en die mense wat met haar owerspel gepleeg het, aan swaar lyding-as hulle hulle nie van haar
praktyke bekeer nie. 23 Haar volgelinge sal Ek deur 'n pessiekte om die lewe bring. Dan sal al die
gemeentes weet dat dit Ek is, die Een wat die gedagtes en begeertes van die mens deurgrond. Ek sal
elkeen van julle straf volgens julle doen en late. 24 Maar vir julle ander in Tiatira, wat nie hierdie leer
aanhang en nie die "diep geheimenisse van die Satan", soos hulle dit noem, leer ken het nie, sê Ek: Ek
lê op julle geen ander verpligting nie; 25 hou net vas wat julle het, totdat Ek kom. 26 Aan elkeen wat die
oorwinning behaal en tot die einde toe volhou om te doen wat Ek wil hê, sal Ek mag en gesag oor die
nasies gee. 27 Hy sal hulle met 'n ystersepter regeer, hulle soos kleipotte stukkend slaan. 28 Dieselfde
mag en gesag het Ek ook van my Vader gekry. Daarby sal Ek vir elkeen wat die oorwinning behaal, die
môrester gee. 29 Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

Aan die kleinste van die sewe gemeentes word die langste brief gerig. By God is die onaansienlike juis die belangrike (vgl. 1 Kor 1:26–31). Ongeveer 60 km in die suidoostelike rigting vanaf Pergamum lê die betreklik onbeduidende stadjie Tiatira. Alhoewel die stad as klein geag is, was die tog goed bekend vir die groot verskeidenheid gildes van vakmanne wat verskillende bedrywe beoefen het. Die gemeente kon dus die beeld waarmee Jesus Homself aan die gemeente bekendstel, baie goed verstaan. Lidia, die eerste mens wat in Filippi onder Paulus se aanvoorwerk tot bekering gekom het, was 'n handelaar uit Tiatira (Hand. 16:14–15).

Jesus stel Homself voor as die een wie se oë soos vuur en sy voete soos gesmelte koper gloei. Jesus se Goddelike soewereiniteit kom op die voorgrond en wie kan voor Hom bestaan? Wie Hom nie as die gekruisigde Verlosser-Koning wil erken en bely nie, sal Hy dwing om Hom te sien as die regter-Koning met vlammende, nie-verskonende oë. Hy kom om te oordeel oor die lewendes en die dooies.

- *Trek die verband tussen vers 18b en vers 26, asook Psalm 2*

Jesus word bekendgestel as die vervulling van Psalm 2. Die brief aan Tiatira handel oor die stryd tussen die twee koningskappe. Hier word die gemeente gemaan om of die koningskap van God te aanvaar of die van Satan.

Die arbeiders in hierdie nywerheidstad het hulself in vakbonde en gildes georganiseer. Elke gilde het sy eie beskermgod gehad. As jy in die besigheidswêreld wou opgang maak moes jy aan hierdie gildes behoort en dus ook hulle beskermgod aanbid en hulle gildefeeste bywoon. Dit is tydens hierdie feeste wat daar baie ongerymdhede plaasgevind het. Dit het glad nie Christus se goedkeuring weggedra nie. Dit was ook nie opbouend vir die gemeente nie. Die gemeentelede was dus onder geweldige druk om mee te doen aan hierdie praktyke. Die Christene wat getrou aan Christus gebly het, is gespot en het mettertyd hulle staanplek in die sakebedryf verloor. Gebrek, honger en vervolging was hulle voorland.

Vraag:

- *Wat sou jy gedoen het as jy in dieselfde situasie as die gelowiges van destyds was?*
- *Kom daar vandag nog sulke situasie voor in ons eie land?*
- *Wat dink jy is die riglyne wat 'n mens moet volg wanneer jy voor sulke groot keuses gebring word?*

Hy wat alles weet wat in die gemeente gedoen word, het 'n woord van lof vir die Christelike hoedanighede, naamlik die liefde en die geloof. Sekere lidmate word ook geloof vir hul Christelike werksaamhede, die *diensvaardigheid en volharding.* Voorop staan die liefde, die omvattende liefde wat gerig is op God en vrug is van die geloof. Die liefde is ook gerig op die naaste en vind dan sy praktiese uiting, in diensvaardigheid en volharding. Ons sou ook kan sê: teenoor die liefde staan die diensvaardigheid, en teenoor die geloof staan die volharding, albei as sigbare openbarings van die Christelike lewe. Met die liefde voorop, was daar tog groei in hierdie dinge. Soveel dat die "laaste werke, beter was as die eerste", soos die grondteks letterlik sê. Dus, in teenstelling met Efese waar die eerste liefde afgekoel het, het Tiatira toegeneem in die liefde. Daarvoor word hulle geprys.

Tog word 'n ernstige klag teen die gemeente ingebring. Hulle laat toe dat 'n sekere vrou, blykbaar 'n lid van die gemeente, voorgee dat sy 'n profetes is. Van die gemeentelede het geswig voor haar verleidelikheid, onsedelike dade gepleeg en

afgodsoffervleis geëet. Sy word Isebel genoem omdat haar optrede herinner aan dié van die goddelose vrou van koning Agab. Die sy wat die volk verlei het tot die diens van Baäl, wat deelname aan die gepaardgaande onsedelike praktyke tot gevolg gehad het (vgl. 1 Kon 16:30 ev.; 2 Kon 9:22 ev.). Hier is weer eens ’n vorm van verleiding soos dié van die Nikolaïete (Op 2:6, 15) en van Bileam (Op 2:14), maar die situasie in Tiatira is waarskynlik ietwat anders as dié in Efese en Pergamum. Die vrou Isebel—’n simboliese naam —het by die gelowiges ingeprent dat hulle nie so nougeset hoef te lewe nie. Volgens die beskouing van die tyd het die sonde van die liggaam, nie aan die siel enige skade gedoen nie. Deur aanspraak te maak op die status van profetes het sy haar dwaalleer gerugsteun. Sy het opgetree, asof sy in opdrag van God en deur die Heilige Gees gepraat het. Die gevolg was dat ’n deel van die gemeente haar leiding gevolg het.

Teenoor haar was die Here lankmoedig. Hy was nie haastig met sy straf nie, haar genoeg geleentheid gee vir bekering (vgl. Rom 2:2–4), maar die vrou het volhard in haar onsedelikheid. Die woord *onsedelikheid het* in hierdie verband, die omvattende betekenis van afvalligheid van die weë van die Here (vgl. Hos 9:1; Jer 3:6). Maar die straf van God bly nie uit nie. Die bed van haar owerspel sal ’n bed van ernstige siekte word. Die vrou sal getref word deur die siektes en smet wat voortspruit uit haar onsedelike praktyke. Dieselfde siekte bedreig ook daardie mense, wat in navolging van haar voorbeeld voortleef in ontug en egbreuk. Hulle kry wel nog die geleentheid om hulle te bekeer, maar as hulle in die sonde volhard, sal die straf hulle tref. Hulle sal deur *swaar lyding* gepynig word.

Hierdie oortreders van die wet van God, sal so fel deur ’n siekte getref word dat dit as ’n *pessiekte* bestempel kan word. Daar staan letterlik: “Ek sal hulle doodmaak met die dood.” Dit is ’n Hebreeuse segging wat beteken dat daar aan die dood, geen ontvlugting sal wees nie.

Die ontsettende straf hou ’n les in vir al die gemeentes. Hulle sal tot die oortuiging kom dat hierdie dinge nie toevallig gebeur het nie, maar dat Christus Hom daarin geopenbaar het as die Een wat alles weet (vgl. v 19). Hy deurgrond die “niere en die hart”, sê die grondteks, dit wil sê die setel van die begeertes en van die denke. Voor Hom is die begeertes, die gedagtes en die dade oop en bloot. Hy weet alles van elke mens, en Hy straf volgens die doen en late van elkeen (vgl. Matt 16:27; Rom 2:6 ook Jer 17:10; Ps 62:13; Op 22:12).

Hier word die oorwinnaar aangedui as die een wat ten spyte van die druk en verleiding van die wêreld, end-uit kan volhou (vgl. gelykenis van die saad, Matt 13:1–9, 18–23), en wat *doen wat Ek wil hê.* Die grondteks praat van "my werke doen" in teenstelling met die "praktyke" of werke van die profetes (wêreld) (v 23). Aan die getroue word "mag en gesag oor die nasies" toegesê. Hier is 'n toespeling op Psalm 2:8–9 wat heenwys op die Messias. Dieselfde mag en gesag wat aan Hom toegesê word, sal ook deel word van sy getroue volgelinge. Hulle sal deel in die koninklike heerskappy van Christus (vgl. 1:6). Hulle sal "regeer met 'n ystersepter (Ps 2:9), soos Christus dit sal doen (Op 12:5; 19:15). Die woord wat met "regeer" vertaal word, beteken "om skape te hoed of te laat wei soos 'n herder", maar in die teksverband het dit nie meer die betekenis van liefdevolle versorging nie. Dit het te doen met die strenge regering, trouens met die aanbring van die oordeel: *soos kleipotte stukkend slaan.* Die herder het volle beskikking oor sy eie kudde: hy kan versorg en hy kan slag. Ook in die Goeie Herder se versorging van sy skape kom daar 'n "slagdag" (vgl. Jak 5:5). Aan daardie finale oorwinning van Christus sal die getroue gelowiges deelneem, wanneer Hy die antigoddelike wêreldmagte verpletter asof hulle kleipotte is.

Jesus word in 2 Petrus 1:19 en Op 2:28 en 22:16 die Môrester genoem. Die môrester is net voor dagbreek sigbaar, wanneer die nag op sy donkerste is. Christus sal ook met sy waarheidslig in sy volle heerskappy op die toneel verskyn wanneer die wêreld op sy donkerste en mees verlate is.

Vraag:

- *Watter groep of persoon het jou as tiener die meeste beïnvloed? Hoekom?*
- *Wat is die krag van hierdie gemeente?*
- *Wat is hulle swakhede?*
- *Hoe stem die bron en die aard van die versoeking met die van Pergamum ooreen en hoe verskil dit?*
- *Wat dink jy beteken Jesus se belofte in 2:26-27?*
- *Watter van die eienskappe in 2:19 is op jou van toepassing? Waarom?*
- *Wie en wat het 'n rol soortgelyk aan Isebel s'n in jou lewegespeel? Hoe?*
- *Hoe het die Here jou daarvan bevry?*
- *Op watter maniere sien jy die genade van die Here uit hierdie gedeelte?*
- *Wat waardeer jy die meeste van die belofte vir die oorwinnaars in hierdie gedeelte?*

Die boodskap aan Sardis (Stryd om lewe en dood)

Lees Openbaring 3:1-6

Skrywe aan die leraar van die gemeente in Sardis: So sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood. [2] *Word wakker en versterk wat nog by julle oorgebly het, wat op die punt staan om dood te loop. Wat julle doen, vind Ek nie goed genoeg voor die oë van my God nie.* [3] *Dink daaraan hoe julle die evangelie ontvang en daarna geluister het. Hou daarmee vol en bekeer julle. As julle nie wakker word nie, sal Ek onverwags kom soos 'n dief, en julle sal nie weet wanneer Ek op julle sal afkom nie.* [4] *Maar julle het darem 'n paar mense daar in Sardis wat nie hulle klere besoedel het nie, en hulle sal altyd in wit klere by My wees omdat hulle dit waardig is.* [5] *Elkeen wat die oorwinning behaal, sal sulke wit klere dra. Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe uithaal nie, en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort.* [6] *Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.*

Sardis, 80 km noordoos van Efese geleë, was in die sesde eeu v.C. een van die magtigste stede van die antieke wêreld. Die stad was bekend vir sy haas onneembare ligging op 'n hoë uitloper van 'n berg, sy groot rykdom, sy handel in wolstowwe en kleurstowwe, en sy tempel vir die godin Kubele (gelyk aan die Griekse Artemis). Maar die stad het vervalle geraak. Twee keer in sy geskiedenis is dit weens gebrek aan waaksaamheid deur vyande in die nag geïnfiltreer en verower. Die stad is ook een keer deur 'n verwoestende aardbewing plat gevee (17 n.C.), maar deur ruime steun van keiser Tiberius is dit weer herbou. Die gees van die stadjie het ook deurgedring na die klein gemeente. Daarom word hulle streng aangespreek deur Hom *wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het.* Hierdie benaming is ontleen aan Op 1:4 en 20; dit dui Christus aan as die Een wat die Heilige Gees in sy volheid tot sy diens het, en wat die sewe gemeentes in sy hand hou. Hy beskik dus oor die vermoë om hulle te behou of te laat wegval. As die Een wat alles weet, ken Hy die gehalte van die geestelike lewe in die gemeente: … *dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood.*

"Die sewe Geeste" is die Heilige Gees – in volheid, veelvuldigheid, veelkleurigheid. Die Heilige Gees is ook die lewendmakende gees. Christus het deur Sy dood die Heilige Gees vir ons verwerf. Die vraag is of die kerk ook vol is van die gees...die sewe Geeste, die volle werking van die Heilige Gees.

Aan Smirna is gesê: “Julle is arm en tog ryk”, maar aan Sardis: *julle lewe, en tog is julle dood.* Hulle het hulle tot so ’n mate aangepas by die wêreldse leefwyse en selftevrede bestaan van die stad, dat hulle skaars te onderskei was van die heidene. Die skyn van godsdienstigheid was nog daar, maar die krag was weg (vgl. 2 Tim 3:5); hulle was soos ‘n vyeboom met volop blare, maar wat geen vrug dra nie. (Matt 21:19). Skerper kon die gemeente nie aangespreek geword het nie. Hulle moet besef dat hulle geestelik weggesak het tot op die rand van die dood.

Vraag:

- *Hoe sal ’n mens weet of ’n gemeente waarlik lewe en of hy dood is?*
- *Dink jy ons gemeente is vol van die Gees?*
- *Is jy vol van die Gees?*
- *Wat verstaan jy onder die begrip “dood” wat hier gebruik word vir die gemeente?*
- *Hoe weet jy of ’n persoon dalk ook so “dood” is?*
- *In 3:2 staan daar: “Wat julle doen, vind Ek nie goed genoeg voor die oë van my God nie”.*
    - *Wat dink jy word met hierdie gedeelte bedoel?*
    - *Wat kan ons doen dat die woorde nie op ons van toepassing raak nie (vgl. 3:3)?*

Redding is nog moontlik, maar dan moet daar met krag opgetree word. Daarom kom die oproep: “*Word wakker*…” Die grondteks dui op die opskrik uit die slaap, maar ook op voortgesette waaksaamheid. Moontlik word hier verwys na die feit dat die stad in die verlede twee keer deur vyande oorrompel is weens gebrek aan waaksaamheid. Wie wakker geword het, moet omsien na die medegelowiges by wie die geestelike lewe op die punt staan om uitgedoof te word. Hulle moet opgeskerp en versterk word. Daar is dus dringende werk nodig, veel meer werk as wat nou gedoen word, want wat hulle wel nog doen, is *nie goed genoeg voor die oë van my God nie,* sê die Here. Wat die werke is wat nie volkome, soos die grondteks sê, of nie goed genoeg is nie, word nie genoem nie. Ons kan stellig hier dink aan die werke wat in die brief aan Tiatira genoem word (2:19): liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding.

Die gemeente word opgeroep om weer geestelik te lewe. Dit vind plaas deur vyf oproepe: Word wakker! Versterk wat oorgebly het! Begin by die begin toe julle die evangelie gehoor het! Hou vol met volharding en weldade! Bekeer julle!

Die Here wat alles weet wat hulle doen, het wel ’n woord van waardering vir hierdie aan-die-slaap gemeente. By hulle is daar *’n paar mense wat nie hulle klere besoedel het nie.* Die beeld van besoedelde klere sal die mense wat baie te doen het met kleur van weefstowwe en die bespatting deur kleurstowwe, sterk aanspreek. Met seksuele misdrywe, word daar dikwels na verwys as die spreekwoordelike “die klere besoedel”. Juis in ’n tyd waar die sogenaamde “gewyde prostitusie” ’n deel van die godsdienstige praktyke was, byvoorbeeld by die tempel van Kubele, het ons seker goeie grond om die beeld te verstaan as ’n verwysing na die onsedelikheid. Dit is egter nie die enigste betekenis wat dit kan hê nie. Iemand wat met sonde van enige aard omgaan, maak sy klere vuil, by wyse van spreke. In die sin kan selfs die hoëpriester se klere vuil wees (vgl. Sag 3:3).

Die wat rein gebly het, sal altyd *in wit klere by My wees.* Die wit klere is die gewaad van hemelinge; dit word sewe maal in Openbaring genoem (3:18; 4:4; 6:11; 7:9, 13; 19:14). Die wit klere dui ook op reinheid, oorwinning en feestelikheid. In vers 5 word verwys na die name in die boek van die lewe, daaruit kan ons aflei dat die wit klere ook verband hou met die afwassing van sonde en die verkry van die vryspraak by God.

Die wit klere is vir die wat *dit waardig is,* wel nie in die sin dat hulle dit verdien nie, maar dat hulle op so ’n manier geleef het dat hulle die wit klere, die vryspraak van God, nie verbeur het nie.

Die Christelike lewe is altyd een van stryd, maar ook wanneer dit menslik hopeloos lyk, is die oorwinning verseker vir elkeen wat in Jesus bly. Aan die oorwinnaars in die Here word drie dinge toegesê: hulle sal die wit klere van die oorwinnaar dra; hulle name sal nie uit die boek van die lewe uitgevee word nie, en Christus sal voor die Vader en voor sy engele vir hulle intree.

Die beeldspraak in verband met die boek van die lewe, gaan terug na die gebruik van ’n register om boek te hou van die inwoners van ’n stad of die lede van ’n volk (vgl. Eks 32:32; Ps 69:29). Wie nie in so ’n boek opgeteken is nie, het geen burgerreg nie en is prakties oorgegee aan die dood. Vandaar word gepraat van die boek van die lewe wat by God in die hemel is (vgl. Dan 12:1; Luk 10:20; Fil 4:3; Op 20:12; 21:27). Wie se naam nie daarin opgeskryf is nie, gaan die verderf in (Op 13:8; 17:8; 20:15). Die gelowige kan egter verseker wees dat Jesus Christus sy naam nie uit die boek van die lewe sal uitwis nie.

Die derde toesegging roep die beeld op van die verhoor voor God as die Regter, omring deur sy engele. Wanneer die gelowige daar verskyn sonder aanspraak op enige

verdienste, is dit Jesus Christus wat vir Hom intree en verklaar dat hy aan Hom behoort. Daar doen Hy die belofte aan sy volgelinge (Matt 10:32; Luk 12:8) gestand. Hy is ons Voorspraak.

Vraag:

- *Is daar 'n sportspan wat altyd 'n beter reputasie gehad het as wat hulle gewoonlik gevaar het?*
- *Wat is die teenstelling tussen reputasie en die werklikheid in Sardis?*
- *Watter gevaar bestaan daar vir Christene wat 'n beeld van toewyding en Christenskap voorhou pleks van om 'n egte geestelike lewe te bou?*
- *Wat is die enigste hoop vir oorlewing vir die gemeente in Sardis?*
- *Waaraan sou Jesus wou hê moet jy aandag gee as hy hierdie wekroep aan jou rig?*
- *Hoe sou jy hierdie brief se boodskap op ons eie gemeente toepas?*

Notas:

Die boodskap aan Filadelfia (Volharding word geseën)

Lees Openbaring 2:7-13

[7] Skrywe aan die leraar van die gemeente in Filadelfia: So sê die Heilige, die Ware God, Hy wat die sleutel van Dawid het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie, en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie: [8] Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie. Ek weet dat julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie. [9] Kyk, Ek beskik dat van die lede van die sinagoge van die Satan, die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar lieg-kyk, Ek sal maak dat hulle kom en voor julle kniel en erken dat Ek julle liefhet. [10] Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. [11] Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie. [12] Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel uit afkom. En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe. [13] Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

Die stad is in 'n grensgebied gevestig en was as't ware die ingang tot die sentrale plato van Klein-Asië. Filadelfia moes barbare uit die omgewing weghou en sorg dat die Griekse taal en kultuur sterk gevestig word. Die stad is ook in 17nC deur 'n aardbewing verwoes en daar was soveel naskokke dat die meeste van die inwoners uiteindelik besluit het om buite die stad te woon.

Die "sleutel van Dawid" is simbolies en dui op die feit dat Christus die gesag het om die deur na sy toekomstige koninkryk oop te sluit en mense in te nooi. As die deur eers oop is kan niemand dit weer toemaak nie, en is die verlossing dan 'n voldonge feit.

Al staan die Christene voor die geslote deur van die sinagoge, het Christus vir hulle 'n oop deur gegee wat niemand kan sluit nie. Die uitdrukking herinner aan Paulus se verwysing na die "oop deur" vir die evangelie wat aan Hom gegee is (vgl. 1 Kor 16:9; 2 Kor 2:12; Kol 4:3). Dit kan dus beteken dat hierdie gemeente 'n besondere geleentheid gehad het om die evangelie uit te dra, wat gesteun is deur die stad se gunstige geografiese ligging. Ander verklaarders beskou weer die "oop deur" as die deur van gebed, of hulle dink aan Christus as die deur (vgl. Joh 10:7, 9). Aangesien ons eerder te doen het met 'n perspektief op die voleinding, moet aanvaar word dat die "oop deur" 'n beeld is wat toegang verleen tot die koninkryk van Christus. Hy het deur sy kruisdood en opstanding die deur na die ewige koninkryk geopen en niemand kan dit

weer sluit nie. Daarmee is aan die gelowiges die oorwinning toegesê oor enige vyand wat hulle weg van heil, probeer versper. 'n Oproep tot bekering is nie hier nodig nie. Net soos vir Smirna is daar vir Filadelfia net lof. Hulle het maar *min krag,* maar hulle het getrou gebly. Dit was dus 'n klein gemeente, en waarskynlik ook arm, net soos Smirna. Die woord *krag* word soms gekoppel aan aardse vermoë of rykdom; en daarvan het die gemeente nie veel gehad nie. Tog was hulle groot in geestelikekrag sodat hulle met volharding vasgehou het aan die verlossingsboodskap van Christus. Hulle het nie aan die druk van Joodse of heidense godsdienste toegegee nie. Hulle het dus getrou bly glo en nie vir Jesus verloën nie. Daarom kan hulle verseker wees, dat Hy hulle ook nie sal verloën nie.

Die evangelie is die boodskap van die "volharding van Christus"(vgl. 2 Tess 3:5; Heb 12:1 ev.). In sy lyding het Hy enduit getrou gebly. Dit is aan daardie boodskap wat die gemeente in tye van beproewing, met volharding vasgehou het. As beloning sal Christus hulle ook vashou, wanneer die toekomstige verdrukking en beproewinge al die ander volke van die wêreld sal tref. Daardie lyding sal 'n doel hê, naamlik om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Dit is om uiteindelik hulle getrouheid aan Christus te toets. Die gelowiges hoef egter nie te vrees dat hulle nie die toets sal slaag nie, want Christus hou hulle vas.

Die nuwe Jerusalem is simbolies en dui op die toekomstige tuiste van God se kinders. Danksy Jesus is ons ook inwoners van die heilige stad, want Hy gee aan ons 'n nuwe identiteit. Ons ontvang die nuwe burgerskap in God se koninkryk. Die gelowiges sal pilare in die tempel van God wees, met die Vader en Seun se name op elk geskrywe, as bewys van die innige gebondenheid tussen God en sy eiendom.

Vraag:

- *Watter uitstaande eienskap van Christus kom in hierdie gedeelte voor?*
- *Is jy al ooit uitgesluit in jou lewe? Hoe het dit jou laat voel?*
- *Op watter manier is hierdie gemeente in staat om deur te druk, ten spyte van die omstandighede?*
- *Hoe gepas is hulle beloning (3:12) vir hulle getrouheid?*
- *Watter oop deure het Christus voor jou geplaas?*
- *Het jy die paaie wat hy vir jou beskikbaar gestel het, gebruik?*
- *Noem 'n paar " toe deure" wat God op jou pad gebring het, in jou loopbaan, sosiale lewe en op ander terreine?*
- *Hoe het jy op elkeen van hierdie toe deure gereageer?*

- *In watter opsig is jy soos die Christene in Filadelfia?*
- *In watter opsig verskil jy van hulle? Waarom?*
- *Watter beloftes gee die Here, aan die wat getrou is?*
- *Wat sê die Gees vir jou tans?*

Notas:

Die boodskap aan Laodisea (God se termometer)

Lees Openbaring 3:14-22

[14] Skrywe aan die leraar van die gemeente in Laodisea: So sê die Amen, die geloofwaardige en ware getuie, Hy deur wie God alles geskep het: [15] Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! [16] Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg. [17] Julle sê: "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie," en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal. [18] Daarom raai Ek julle aan om by My goud te koop wat deur vuur gelouter is, sodat julle ryk kan word; en koop wit klere, sodat julle julle kan aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie; en koop oogsalf om aan julle oë te smeer, sodat julle kan sien. [19] Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle. [20] Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My. [21] Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het. [22] Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

Laodisea is in die derde eeu v.C. gestig deur die Seleusidiese vors Antiogus II en vernoem na sy vrou Laodise. Dit is sowat 65 km suidoos van Filadelfia op 'n knooppunt van belangrike handelsroetes en naby die sameloop van die Likus en die Meander, twee sterk riviere, geleë. Die stad was die mees welvarende van die sewe stede. Laodisea was wyd bekend vir die geldhandel van sy bankiers, die vervaardiging van fyn wolmateriaal en die produksie van geneesmiddels. Ons sien veral, 'n besondere poeier wat in oogsalf gebruik is. Toe die stad in 60 of 61 n.C. deur 'n aardbewing verwoes is, kon die inwoners dit uit eie middele weer opbou.

Die gemeente het tydens Paulus se verblyf in Efese, op sy derde sendingreis ontstaan, vermoedelik gestig deur Epafras (Kol 1:7; 4:12–13). Wanneer Paulus uit die gevangenis aan Kolosse skryf, rig hy ook aan Laodisea 'n brief (Kol 4:16), wat moontlik dié is wat ons ken as die brief aan die Efesiërs. Die gemeente wat aanvanklik lewenskragtig was, het in die welvarende omgewing mettertyd in sy ywer verslap. Hulle het maar net voortbestaan in selftevredenheid en selfgenoegsaamheid. Oor hierdie toedrag van sake, word die gemeente skerp aangespreek in die brief.

Aan hulle stel Christus Homself bekend as *die Amen, die geloofwaardige en ware getuie, Hy deur wie God alles geskep het.* Dit is die enigste keer dat "Amen" as naam gebruik word. Die agtergrond daarvan is waarskynlik Jesaja 65:16 waar daar, twee maal sprake is van "God van die amen" (grondteks). Deur na God te verwys wanneer hierdie naam gebruik word, word dit aan die gemeente duidelik gemaak dat Hy sy

woord tot uitvoering bring. Dit kan ook wees dat die “Amen” dui op die feit dat Hy die laaste woord, die afsluitingswoord, spreek. Daarom te meer moet die gemeente daarop ag slaan.

Christus word ook genoem: *Hy deur wie God alles geskep het.* Die grondteks praat van “die begin *(archē)* van die skepping van God”. Dié uitdrukking het daartoe gelei dat in sommige dwaalrigtings, Christus as die eersteling beskou is onder die dinge wat God geskep het, en dus self ook ’n skepsel is. Die bedoeling is egter dat Christus die Een is deur wie die skepping tot stand gekom het (Kol 1:15 ev.), sonder wie niks anders kon ontstaan nie (Joh 1:3–4). Daarmee word die opper mag en gesag van Christus voorop gestel. Die gemeente moet besef dat Hy geloofwaardig is. Dat Hy deur sy almag in staat is om sy woord tot uitvoering te bring.

Die toestand van die gemeente se geestelike lewe word beskryf as *lou,* en iets wat lou is, kan maklik weersin wek. Johannes het vermoedelik die omgewing geken en geweet dat daar sowat 10 km verder in die buurt van Hiërapolis ’n warmbron was waarvan die water afgevloei het na Laodisea. Die probleem was egter dat die water, teen die tyd dat dit by die stad aangekom het, nie meer warm was nie en ook nie verfrissend koud nie – dit was lou. Ons as mense weet dat lou water walglik is om te drink, ’n mens spoeg dit liewer uit. En dit is juis wat Christus gaan doen met die gemeente wat in sy welvaart, sy geestelike lewenskrag verloor het. Dit is uiters sterk taal: *Ek gaan julle uitspoeg.* En tog is daar hoop. Christus sê nie: “ek sal …” nie, maar “Ek gaan …” *(mello).* Sy besluit is wel geneem, maar Hy wil tog nog geleentheid gee vir bekering. In hulle louheid, is die woord van Petrus (2 Pet 2:20–21) op hulle van toepassing: “Dit sou vir hulle beter gewees het, as hulle die wil van God nie leer ken het nie as dat hulle dit wel leer ken het en daarna afgewyk het van die heilige gebod wat aan hulle oorgedra is.” Tog is hulle nog nie onherroeplik verwerp nie, maar dan moes hulle tot die besef gebring word van die benardheid van hulle toestand.

Die stoflike welvaart, het die gemeente geestelik selftevrede en spierloos gemaak. Soos Efraim van ouds sê hulle: “*Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie”* (vgl. Hos 12:6), en hulle besef nie dat so ’n lewenshouding van die “ryk dwaas” (vgl. Luk 12:16–21) op ontsettende ontnugtering uitloop nie. Met hulle winsgewende geldhandel, ag hul hulself ryk. Met hulle gesogte medikamente vir die oë, meen hulle dat hulle oë gesond is. Met hulle florerende fabrikasie van fyn klerasie uit die swart wol van hulle skape, pronk hulle met swierige klere. Maar voor die oë van Hom wat alles weet wat hulle doen, is hulle *arm, blind en kaal.* Daarom is hulle in werklikheid nie die welvarende en benydenswaardige mense wat hulle hul verbeel nie. Inteendeel,

hulle is ellendig en beklaenswaardig. Om arm en blind te wees, sou nog verduur kon word, maar om naak te wees is ’n ondraaglike vernedering (vgl. 2 Sm 10:4; Jes 20:1–4; Eseg 16:37–38), trouens ook ’n teken van die onguns van God.

Vir hierdie gemeente is daar net een raad of raat: hulle moet hulle losruk uit die mag van materialisme en sorg dat hulle ryk word in God (vgl. Luk 12:21). Die bankiers moet sorg dat hulle die gelouterde goud van egte geloof in besit kry (vgl. 1 Pet 1:7; Jak 2:5). Die tekstielhandelaars moet afstand doen van hulle klere van fyn swart wol en wit klere koop—die klere van reinheid en oorwinning (vgl. 3:5) —sodat die skande van hulle naaktheid voor God bedek kan word. Die aptekers moet die ware oogsalf koop, sodat hulle blindheid weggeneem kan word en hulle kan sien hoe ellendig en beklaenswaardig hulle voor God is (vgl. Joh 9:39–41). Al hierdie dinge is te koop by Christus *(by My),* Hy wat ryk was en ter wille van ons arm geword het, sodat ons deur sy armoede ryk kon word (2 Kor 8:9). En by Hom is daar baie te koop “sonder geld en sonder om te betaal” (Jes 55:1), alles uit die rykdom van sy genade. Hy wou hulle laat verstaan dat ’n mens se waarde nie aan jou materiële besittings gemeet word nie, maar aan jou opregte verhouding met God. Hulle prestasies en besittings was waardeloos, in vergelyking met die ewige toekoms wat daar in Christus se koninkryk is.

As die gemeente nie bereid was om te verander nie, sou Hy hulle moes tug. Die doel daarmee sou nie wees om hulle te straf nie, maar om hulle vir Hom terug te wen. Ons kan ook lou word in ons toewyding aan die Here. Indien dit gebeur, het ons geestelik onsmaaklik geword, en kan ons nie meer die mensdom se dors na die Waarheid les nie. Christus het by wyse van beeldspraak aan die deure van hulle harte geklop, maar hulle was so besig om die dinge van die wêreld te geniet, dat hulle nie eens die geklop gehoor het nie. Wêreldse dinge het vir hulle alles geword, maar dit het net tydelik bevredig. In al die ander gevalle het Jesus aan die slot van die brief die gemeente aangespreek (Op. 2:5, 16, 25; 3:3, 11), maar in Laodisea spreek Hy net enkelinge aan, waarskynlik omdat die redding van die gemeente daar nog net in die hande van enkelinge was. Maar ook by hulle was daar nie die inisiatief om soos Nikodemus by Jesus te gaan aanklop nie (vgl. Joh 3:1 ev.). Die omgekeerde gebeur: Christus klop aan by die enkeling. Dit is asof Hy by die gemeente nie meer ’n tuiste kon vind nie, maar by die enkeling vind Hy miskien nog ’n oop deur. Volgens Jakobus 5:9 is dit die Regter wat aanklop, maar in Laodisea is dit die Redder. By elkeen wat ag slaan op die bekeringsoproep, wil Hy tuisgaan en feesmaal hou as teken van ’n intieme persoonlike verhouding. Net soos Christus oorwin het en saam met sy Vader heers, so sal die gelowiges wat aan Christus se oorwinning vashou ook saam met hom heers.

Vraag:

- *Wat is jou gunsteling, koue graankos of warm pap? Jou gunsteling drankie, warm, lou of koud?*
- *As jy enige beroemde persoon vir ete by jou huis kon nooi, wie sou jy vra? Waarom juis daardie persoon?*
- *Wat sien die geloofwaardige en getroue getuie as Hy na die Laodisea kyk?*
- *Hoe sien die gemeente homself?*
- *Waarom die teenstelling?*
- *As Jesus na ons gemeente kyk, wat dink jy sien Hy?*
- *Dink jy dat Christene vandag meer geneig is om die goue middeweg te volg en daardeur almal tevrede te stel?*
- *Op watter wyse volg die kerk die goue middeweg?*
- *Dink jy ons moet meer standpunt inneem rondom kwelpunte in die samelewing, asook etiese aspekte?*
- *Stelling: Deur 'n goue middeweg te volg eindig jy by 'n neutrale Waarheidsbegrip. Bespreek*
- *Wat leer ons uit Rom. 12:1-2 oor wêreldgelykvormigheid?*
    - *By wie moet ons aanpas, God of die wêreld?*
    - *Bespreek die implikasies van bogenoemde.*
- *Wat is die Here se oplossing vir hierdie gemeente (vgl. Jes 55:1-3)?*
- *Is Openbaring 3:20 werklik 'n Evangelistiese teks?*
- *Hoe besig is jy om aardse roem en rykdom bymekaar te maak?*
- *Wat is jou ingesteldheid teenoor hemelse skatte, wat jy nou reeds bymekaar moet maak?*
- *Wat sê jou hemelse termometer, is jy warm, koud of lou?*
- *Om iets uit jou mond uit te spoeg beteken om dit te verwerp. Hoe sou jy voel as Christus dit met jou doen?*
- *Waar moet jy verander in jou lewe sodat dit nie met jou sal gebeur nie? Waarvoor wag Jesus by die deur van jou lewe? Is jou deur oop of toe vir Jesus?*
- *Hoe sou jy hierdie brief op ons gemeente van toepassing maak?*

Notas: